

'n Forensies-semantiese beskouing van die woordgebruik “onkoste” in die hofsaak *Commissioner for South African Revenue Service v Labat Africa Limited*

Abstract

The world of law requires a thorough knowledge and command of language at all times. It happens quite often that a legal dispute revolves around language and the use thereof. One such example is the case of *CSARS v Labat Africa Ltd*. In this case of appeal, as well as in the cases that led to it, the judgement is based on the interpretation of the word “expenditure”. This article tries to determine whether the interpretation is correct by using Shuy’s (1986) model to analyse the word semantically. The semantic analysis focuses on the definition of words, semantic field analysis, componential analysis and contextualisation.

Opsommings

Die regsdomlein vereis te alle tye goeie taalkennis en -gebruik. Dit gebeur dikwels dat 'n regsdispuut om taal en taalgebruik sentreer. Een só 'n voorbeeld is die saak *CSARS v Labat Africa Ltd*. In sowel die betrokke appèlhofsaak as die voorafgaande hofsake word die regsuitspraak gebaseer op die interpretasie van die woord “onkoste”. Met hierdie artikel word daar vasgestel of die interpretasie korrek is deur die onderhawige woord semanties te ontleed deur Shuy (1986) se analisemodel aan te wend. Die semantiese ontleding fokus onder meer op die definisie van die woord, semantiese veldanalise, komponensiële analise en kontekstualisering.

Extended summary

A forensic-semantic consideration of the word “expenditure” in the lawsuit *Commissioner for South African Revenue Service v Labat Africa Limited*

The world of law requires a thorough knowledge and command of language at all times. It happens quite often that a legal dispute revolves around language and the use thereof. One such example is the case of *CSARS v Labat Africa Ltd*. In this case of appeal, as well as in the cases that led to it, the judgement is based on the interpretation of the word “expenditure”. It is, however, not clear from the start whether the judges understood what was meant by the word. It is also not clear whether they consulted a dictionary to help them define and clarify the word. According to the judges, the word “expenditure” also meant that a diminution had taken place. The respective judges claimed to use the relevant word in its “ordinary meaning” and then proceeded to offer their own definitions that prove to be more complex than “ordinary”. This article tries to determine whether the interpretation of the word “expenditure” was correct and whether the word does allow for the inclusion of diminution. The article proposes the use of Shuy’s (1986) model to analyse the word semantically. The semantic analysis focuses on the definition of words, semantic field analysis, componential analysis and contextualisation. The result of the analysis is that a diminution does form part of an extended understanding of the word “expenditure”, but semantic analysis is necessary to indicate this semantic relationship. No dictionary (standard or technical) explicitly defines the word to include diminution. This means that dictionaries are lacking in their scope and authority, especially where the context of the lawsuit is important. Though the judges’ interpretation of the word was correct, it was context specific, and therefore not an “ordinary word”. The article further suggests that linguists or language experts be consulted by law practitioners in matters of legal disputes where the dispute revolves around language. Alternatively, law practitioners should have a stronger linguistic background in order to solve complex language problems as necessary.

1. Inleiding

Mense is geneig om besluite te baseer op grond van hul interpretasie van 'n bepaalde woord, frase of sin. Die feit dat die woord, frase of sin nie altyd deur alle partye dieselfde geïnterpreteer word nie, lei vanselfsprekend tot diskrepancies van die interpretasies. Dit is dus van kardinale belang dat wanneer dit by taal en die reg kom, sowel die wetgewer as 'n voorsittende beampte (asook enige regsvertegenwoordiger) bevestig wat die amptelike betekenis van 'n woord of frase is voordat so 'n interpretasie enige beslissings kan beïnvloed.

Die verhouding tussen taal en die reg – oor 'n wye spektrum heen – is reeds vir etlike dekades bestudeer en telkens kom die ondersoekers tot dieselfde gevolgtrekking, naamlik: “Recht und Sprache stehen miteinander in enger Verbindung”; oftewel taal en die reg is in 'n hegte verhouding bymekaar betrokke (Lampe, 1970:15). Dit is onmoontlik vir die regsberoep om sonder taal te funksioneer of te bestaan. Gibbons (2003:1) meen dat die reg 'n oorweldigend linguïstiese instansie is: “Laws are coded in language and the concepts that are used to construct the law are accessible only through language.” Shuy (1986:295) uiter 'n soortgelyke gedagte: “Perhaps most commonly of all, however, is that attorneys and the courts have a great deal of trouble with the language used to interpret, explicate, or define either the law or the evidence.” As sodanig is akkuraatheid in die interpretasie van die woord van groot belang, aangesien foutiewe interpretasies binne die regsdomein tot regsimplikasies kan lei.

Weens die rol van taal binne die regsdomein kan 'n mens 'n saak daarvoor uitmaak dat die regspraktisyn by implikasie ook taalpraktisyn moet wees (vergelyk Lombard en Carney, 2011:165 en verder). Ironies is daar tans 'n verlaging (en verswakking) in sowel Engelse as Afrikaanse regstaalkursusse regdeur Suid-Afrika. Die belang van taal in die regswêreld word toenemend onderskat en of geïgnoreer. Nuwe generasies regsgeleerdes gradueer met 'n kommerwekkend gebrekkige taalkennis.

’n Voorbeeld van die hegte verhouding tussen taal en die reg is onder andere die appèlhofuitspraak van die saak *Commissioner for South African Revenue Service v Labat Africa Limited* 2011 SA 157 (ZASCA). Daarin word telkens na die woord “expenditure” verwys, en regter Harms baseer sy uitspraak grootliks op die betekenis en interpretasie van hierdie woord. Die diskoers rondom die gebruik van die woord “expenditure” spruit uit ’n voorafgaande hofsaak (*Commissioner of South African Revenue Service v Labat Africa Limited* 2009 SA (NG)) voort. Hoewel die onderskeie howe op verskillende aspekte fokus, vorm die woord “expenditure” die spilpunt van die uiteenlopende hofuitsprake. Volgens dié howe impliseer die woord ’n verarming. Of daar wel ’n verarming in bates plaasgevind het, is ’n regsdispuut wat nie hier tersake is nie. Wat wel hier van belang is, is die vraag of die howe die woord “expenditure” korrek verstaan en dienooreenkomstig in die hofuitsprake toegepas het. Laasgenoemde is nie vanuit die staanspoor duidelik nie. Ten eerste is dit onduidelik of die onderskeie regters die letterlike betekenis van die woord verstaan; tweedens is dit onduidelik waarom ’n voorsittende beampte (veral in die appèlhof) slegs van ’n woordeboek (indien wel) gebruik sal maak, wetende dat woordeboeke beperkend is en slegs ’n faset van ’n woord se betekenis omskryf en laastens is dit nie bekend welke woordeboeke die regters gebruik het nie.

Daar is met ander woorde genoeg rede om die howe se interpretasie in twyfel te trek. Om vas te stel of die tersaaklike woord korrek deur die onderskeie howe geïnterpreteer word, word die forensiese semantiek ingespan en word daar ook van ’n enkelsaakstrategie gebruik gemaak. In afdeling 3 volg ’n oorsig van die teoretiese raamwerk waarbinne hierdie semantiese analise plaasvind. Maar eers moet enkele terme verklaar word.

2. Terminologie

Vir die doeleindes van hierdie artikel word die volgende onder die geïdentifiseerde terme verstaan:

Enkelsaakstrategie: Gnisci en Pontecorvo (2004:968) verwys na die enkelsaakstrategie as die bestudering van een hofszaak met die doel om bepaalde kwessies in fyner besonderhede onder die loep te neem. Hulle beskryf die voor- en nadeel soos volg:

A major advantage of this strategy is that it deals with real cases in natural contexts, thus improving ecological validity and allowing us to explore the phenomena investigated in detail. It has, however, the disadvantage of weakening the generalization of some of the results.

Die gebrek aan veralgemening lei daartoe dat die bevindings in hierdie artikel nie op alle hofsake met 'n woorddispuut van toepassing is nie. Dit is ook belangrik om te meld dat só 'n studie maklik subjektief kan wees en dat ander navorsers die hof se definisie van "expenditure" ("onkoste") moontlik anders kan interpreteer.

Woordeboekdefinisie: Hiermee word bedoel die definisie soos dit in 'n woordeboek opgeteken staan. Waar nodig, sal daar eksplisiet na vakwoordeboeke of tesourusse verwys word. 'n Woordeboekdefinisie in hierdie artikel verwys nie na 'n wet in die natuurwetenskappe of soortgelyke betekenisomskrywings nie.

Standaardwoordeboek: Hiermee word bedoel 'n gewone verklarende woordeboek wat die standaardtaal verteenwoordig. Dit sluit vakwoordeboeke en terminologiewoordelyste uit.

Hoewel die relevante hofuitspraak in Engels gelewer en gerapporteer is, word die Afrikaanse ekwivalent "onkoste" in die plek van die woord "expenditure" in hierdie artikel gebruik. Die rede daarvoor is drieledig. Eerstens pas die Afrikaanse woordkeuse by die medium van die artikel en dit dra sodoende tot die Afrikaanse forensiese linguistiek by; tweedens gebruik regter Harms die woord "onkoste" om die woord "expenditure" in sy hofuitspraak te verklaar (Harms, 2011:5), wat beteken dat die Afrikaanse ekwivalent wel in een van die hofuitsprake voorkom, en derdens is die hoofdoel van hierdie artikel om eerder 'n bepaalde probleem aan te spreek; in só 'n geval dien die betrokke woord slegs as illustrasie.

2. Teoretiese onderbou

Alvorens enige woordanalise aangepak kan word, is dit raadsaam om die teoretiese onderbou waarteen die analise geskied, uiteen te sit. In dié geval bied die forensiese linguistiek 'n relevante teoretiese agtergrond. Die forensiese linguistiek is 'n onderafdeling van die toegepaste taalkunde en dit is op sigself 'n uiters breë dissipline. Forensiese linguistiek vertak myns insiens (vereenvoudigd) in twee groepe, naamlik 1) taalgebruik in die regsdomenein en 2) die wetenskaplike bestudering van taal om forensiese probleme op te los (vergelyk McMenemy, 2002:41). Die eerste groep behels onderafdelings soos die taal van die regsberoep, die taal van die hofsaal (wat sowel getuigenis en tolkwerk as notulering insluit), die taal van die wetgewer, en laastens vertaling. In die tweede vertakking word gebruik gemaak van formele linguistiek (onder meer fonetiek, semantiek, sintaksis, morfologie, pragmatiek en styl) om dikwels onder meer outeurskap vas te stel, kriminele aan die kaak te stel en regsdispute op te los. Die twee groepe is meestal interafhanklik van mekaar.

Forensiese semantiek konsentreer op die betekenis van woorde, frases en sinne, in 'n poging om tot 'n beter begrip van 'n bepaalde teks of diskoers binne die regsdomenein uit te kom. Daar is verskeie maniere waarop 'n mens die betekenis van 'n woord, frase of sin kan bepaal. Shuy (1986:296, 297-298) stel voor dat 'n ondersoeker begin deur die relevante woord in 'n woordeboek of tesaurus op te soek. Maar woordeboeke en tesourusse kan self beperkend wees, aangesien sommige leksikografiese werke meer uitgebreid as ander kan wees, en die leksikograaf nie elke moontlike konteks en gebruik van 'n woord kan voorspel of ken nie (Shuy, 1986:296-297). Dit is ook voor die hand liggend dat nie alle woordeboeke die finansiële vermoëns het om woorduitbreidings en -veranderinge op 'n gereelde basis te kanbywerk nie (Shuy, 1986:297; Odendal, 1991:190). Om dié rede word daar ook op ander metodes staat gemaak om die werklike betekenis van woorde, frases en sinne binne bepaalde kontekste vas te stel. Langford (2000:75 en verder) maak byvoorbeeld van die Natural Semantic Metalanguage-model gebruik wat deur Goddard en Wierzbicka (1994) ontwikkel is. Die model kommunikeer

betekenis deur middel van eenvoudige definisies wat ook 'n eie kleinwoordeskat en vaste sintaksis insluit. Die model stel 'n mens in staat om woorde wat as problematies uitgesonder word, binne dieselfde taal op 'n eenvoudiger wyse “oop te sluit”.

Vir die doeleindes van die onderhawige semantiese analise tree Shuy se woordeboekbenadering, ten spyte van beperkinge, as 'n geldige analisemetode na vore. Shuy (1986:297-300) dui vyf maniere aan waarop 'n mens betekenis kan vasstel deur 'n woordeboek te gebruik. In die eerste plek word daar na die letterlike betekenis van 'n woord, of denotasie daarvan, gekyk. In 'n woordeboek is die woord bekend en word die letterlike betekenis nageslaan. Die vraag, “Wat beteken die woord?” is hier van toepassing. Tweedens word daar van 'n tesourus gebruik gemaak. Die tesourus verskil van die woordeboek in die sin dat die letterlike betekenis bekend is en daar na die relevante/paslike woord gesoek word. 'n Tesourus verskaf dikwels 'n oorsig van die semantiese veld waarin die woord en sy betekenis voorkom. Hier is die vraag, “Wat is die aard van die letterlike betekenis?” ter sprake. Derdens word semantiese veldanalise toegepas. Die teorie van semantiese veldanalise veronderstel dat taal gestruktureerd is en volgens verbandhoudende kategorieë of klasse verdeel word na aanleiding van die klasse se letterlike en denotatiewe verhoudings. Sinonieme, antonieme, klasse, ensomeer maak deel van die semantiese veldanalise uit. Vrae wat hier relevant is, is onder meer “Waar hoort hierdie woord semanties tuis? Waaraan is dit soortgelyk en waaraan kan dit nie gelykgestel word nie? Waar hoort dit nie tuis nie?” Shuy maak in die vierde plek van komponensiële analise gebruik. Tydens die komponensiële analise word daar op grond van die interne semantiese struktuur bepaal in watter opsig dié woord met ander woorde gekoppel of van ander woorde gedifferensieer kan word. Ten slotte gebruik Shuy die semantiese verwysingsraamwerkanalise. In hierdie geval word daar op die semantiese betekenis van die woord gefokus, maar sluit sowel die individu as historiese assosiasies van die woord in. Dus is die konteks waarin die woord gebruik word, hier van belang.

3. Konteks in die hofuitspraak

Om die kwessie van die woord “onkoste” in konteks te plaas, is dit nodig om ’n kort agtergrondbeskrywing van die betrokke hofszaak te verskaf.

Die appèlhofszaak *Commissioner for South African Revenue Service v Labat Africa Limited* het sy ontstaan in ’n geskil tussen Labat Africa Ltd en die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens. Labat Africa Ltd het onder sy vorige naam, Acrem Holdings Ltd, ’n ander onderneming, naamlik Labat-Anderson (South Africa) (Pty) Ltd, op 15 Februarie 1999 in sy geheel oorgekoop. Die transaksie het sowel die tasbare as die ontasbare bates ingesluit, met spesifieke verwysing na die handelsmerk. Die handelsmerk is teen R44 462 000 gewaardeer en in die vorm van aandele aangekoop (Harms et al, 2011:2-5).

Die respondent, Labat Africa Ltd, wou in die relevante belastingjaar as belastingbetaler probeer om volgens afdeling 11(gA) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 die toelaatbare aftrekking te maak ten opsigte van die aankoop van ’n handelsmerk. Volgens Labat Africa Ltd het hulle onkoste aangegaan om ’n handelsmerk te koop en was daarom op aftrekkings geregtig. Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens het egter die aftrekking afgekeur deur te argumenteer dat geen onkoste deur die belastingbetaler aangegaan is nie. Die spesiale inkomstebelastinghof het, onder leiding van regter Goldblatt, die kommissaris se appèl bekragtig en verklaar dat die woord ‘onkoste’ volgens die “betrokke woordeboekdefinisie” geïnterpreteer behoort te word, naamlik “the spending of money or its equivalent, time or labour, for example, and the resultant diminution of the assets of the company” (Sapire et al, 2009:3). Volgens regter Goldblatt het die betrokke maatskappy – deur die gebruik van aandele in plaas van geld of arbeid – nie ’n vermindering in bates ondergaan nie, derhalwe is geen onkoste aangegaan nie. Maar die Noord-Gautengse Hoë Hof het die kommissaris se appèl teen die spesiale hof se uitspraak afgekeur op grond van hul opinie dat die belastingbetaler deur middel van hul transaksie ’n onvoorwaardelike regsverpligting

aangegaan het en gevolglik wél onkoste aangegaan het. Die belastingbetaler mag daarom die toelaatbare aftrekkings maak.

In *Commissioner for South African Revenue Service v Labat Africa Limited* voer regter Harms (2011) aan dat die Noord-Gautengse Hoë Hof op die vraag gefokus het of onkoste werklik deur die belastingbetaler aangegaan is, terwyl syns insiens die hof eerder op die betekenis van die woord “onkoste” moes gefokus het. Regter Harms (2011) verwys ook na die woordeboekdefinisie van die woord “onkoste” en verklaar verder dat die woord ’n vereiste van vermindering stel. Met ander woorde wanneer onkoste aangegaan word, moet die aktiewe party ’n vermindering of verlaging in geld of ander bates ervaar, al is dit net tydelik (Harms et al, 2011:5-6).

Wat volg, is ’n semantiese analise van die woord “onkoste” deur Shuy (1986) se “analise-model” toe te pas.

4. Semantiese analise

Die eerste stap in Shuy se analise-model om die korrekte (of gepaste) betekenis van die woord “onkoste” vas te stel, is om dit te definieer. Daar word nêrens in enige van die hofuitsprake aangedui watter woordeboeke deur die voorsittende beamptes geraadpleeg is nie, indien enige. Maar twee beduidende definisies kom wel in die onderskeie hofuitsprake na vore: die Goldblatt-definisie en die Harms-definisie. Vir duidelikheid word die twee definisies nogmaals weergegee:

Goldblatt (Sapire, 2009:2-3) definieer “onkoste” as: “[T]he spending of money or its equivalent, time or labour for example and the resultant diminution of its assets of the company making the expenditure.”

Harms (2011:5-6) definieer “onkoste” as: “Its ordinary meaning refers to the action of spending funds; disbursement or consumption; and hence the amount of money spent. [...] Expenditure, accordingly, requires a diminution (even if only temporary) or at the

very least movements of assets of the person who expends.” In beide regters se definisies is daar ’n vermindering of verarming tersprake.

Die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2005) (HAT) definieer “onkoste” as:

[1] s.nw. Geld vir iets betaal; *uitgawes*; *koste*.

Die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (2011) (WAT) definieer “onkoste” as:

[2] s.nw. *Koste*, veral bykomend of buitengewoon en dikwels as onaangenaam en gedwonge ervaar; sinoniem van *uitgawe*.

Die *South African Concise English Dictionary* (2007) definieer *expenditure* as: n. The action of spending funds; the amount of money spent.

Wanneer ’n mens die sinonieme *uitgawe* en *koste* in die woordeboek opsoek, word die volgende verklarings gevind:

[3] Uitgawe: geldbedrag wat uitgegee word; word gebruik teenoor inkomste (HAT, 2000).

[4] Koste: bedrag geld, insluitende middele wat in geldwaarde omgerek [kan] word, wat opgeoffer of bestee is of moet word om iets te verkry, te bereik, te verrig of in stand te hou (WAT, 2011).

Die Groot Tesourus van Afrikaans (1994) groepeer onkoste binne die klas “Ekonomiese lewe” en die onderafdeling “Gebruik”. Daar word die woorde *spandeer*, *koop* en *verkoop* geïsoleer. Die semantiese verhouding ten opsigte van “onkoste” kom die sterkste by die lekseme *spandeer* en *koop* voor. Woorde wat veral by *spandeer* frekwent voorkom, is: *geld uitgee*, *geld bestee*, *geld aanwend*, *inploeg*, *onkoste dra*, *bedryfsuitgawe* en

verbruikersbesteding. Onder koop: aanskaf, bekom, 'n koop aangaan, 'n transaksie beklank, waarde, geldwaarde, handelswaarde en koopkontrak.

Die bostaande woordeboeke maak egter geen eksplisiete vermelding van 'n vermindering of verarming nie. Maar sodra die sinonieme van “onkoste” bestudeer word vir hul eie sinonieme, begin die idee van 'n vermindering of 'n verarming duideliker word. Vergelyk Tabel 1.1 wat volg:

Tabel 1: Sinonieme van “onkoste”

| | |
|-----------|---|
| Koste | koopsom, prys, skade, verlies, uitgawe (Pharos, 2006) nadeel, verlies, skade (Du Pré & Eksteen, 1995) |
| Uitgawe | onkoste, koste, besteding, uitbetaling (Pharos, 2006) koste, onkoste, besteding, uitbetaling (Eksteen, 1990) |
| Spandeer | bestee, uitgee, verbruik (Pharos, 2006) betaal (Du Pré & Eksteen, 1995) |
| Besteding | ¹ uitgee, spandeer; ² aanwend, gebruik (Pharos, 2006) |

Aangesien die verskillende leksikale items in 'n semantiese veld in verskillende verhoudings tot mekaar staan (De Stadler, 1989:107), is dit funksioneel om komponensiële analise in te span om daardie verhoudings te identifiseer. Deur die verhoudings te identifiseer, konstrueer die ondersoeker 'n breër beeld van wat die woord as betekenar sowel binne die taalsisteem as in die buitetalige wêreld voorstel. Wanneer daar van komponensiële analise gebruik gemaak word, is dit gewoonlik belangrik om op die kontraste tussen woorde te let. Daar is verskillende stappe wat 'n mens sou kon volg om die komponente van die woord te ontleed. Nida (in De Stadler, 1989:109) stel voor dat leksikale items eers in semantiese velde georden word. Daarna moet die “denotata van die leksikale veld ondersoek word vir daardie opvallende en taalkundig beduidende kontraste wat een denotatum van 'n ander onderskei (De Stadler, 1989:109).”

Die komponensiële analise van die woord “onkoste” lewer die volgende resultate op:

“onkoste” is ’n abstrakte selfstandige naamwoord. Die tersaaklike woord val binne die semantiese veld van ekonomiese lewe of finansies. Selfs al sou ’n mens die woord idiomaties in ’n ander taalkonteks gebruik, sal die semantiese verbintenis met die ekonomiese lewe steeds relevant wees. Vergelyk die voorbeeldsin: “Somtyds sien Sannie haar vriendskap met Marie as ’n emosionele onkoste.” Selfs in so ’n metaforiese gebruik is die finansiële implikasie van ’n emosionele “uitgawe” steeds teenwoordig. Die woord “onkoste” het onder meer die volgende semantiese onderskeidende kenmerke: [+ uitgawe], [+ spandeer], [+ besteding] en [+ uitbetaling]. Dié semantiese onderskeidende kenmerke dui meestal die denotasie van die betaal of uitgee van iets soos geld aan. Dit wil sê ’n aktiewe party is in die proses om hoofsaaklik geld of iets met ’n monetêre waarde van hom of haar weg te doen, met ander woorde hy/sy verminder sy (monetêre) bates. Die feit dat die aktiewe party iets in ruil daarvoor ontvang, is egter geen noodwendigheid nie. Wanneer ’n mens na die volgende semantiese onderskeidende kenmerke kyk, word bostaande stelling duideliker: [+ vermindering], [+ verarming] en [+ verlies]. Sodra iemand dus ’n onkoste aangaan, is daar ’n verarming wat plaasvind; die aktiewe party het skielik minder geld as wat hy of sy voor die onkoste gehad het. Die verarming of verlies kan egter van korte duur wees, voordat die aktiewe party goedere of dienste ontvang of skuld delg.

Hoewel die semantiese onderskeidende kenmerke tot ’n beter begrip van die woord “onkoste” bydra (en help om die verminderings- of verarmingsbeginsel uit te wys), is dit steeds nodig om ook die semantiese verwysingsraamwerk van die betrokke woord in gedagte te hou. By die verkenning van die semantiese verwysingsraamwerk is dit belangrik om die konteks van die woord te bepaal en te bestudeer. Die konteks bepaal immers hoe die woord in ’n sekere plek, tyd en situasie gebruik word en deur wie en om watter rede. Hoewel die woord volgens Goldblatt en Harms in sy gewone betekenis toegepas moet word, word die woord hier in die konteks van die handelsreg gebruik. Dit gaan dus hier om ’n aanvanklike saketransaksie en die daaropvolgende belastingimplikasies en nie bloot om ’n enkele persoon wat byvoorbeeld sy woonstelhuur betaal nie. Wat wel duidelik is, is die feit dat die woord “onkoste” gemaklik ’n ekonomiese rol aanneem (soos dit ook uit onder meer die tesourus blyk).

Jackendoff se “konseptuele semantiek” kan ingespan word om die konteks van ’n woord te probeer vasstel. Konseptuele semantiek behels die gebruik van semantiese woordklasse soos Ding, Gebeurtenis, Plek, Aksie, Getal, Eiendom, ensovoorts (Goddard, 1998:64-66). Die semantiese woordklas word dan met ’n konseptuele funksie gekombineer, naamlik Gaan, Bly, Na, Vanaf, Oorsaak. Met betrekking tot die woord “onkoste” tree die sogenaamde semantiese woordklasse Gebeurtenis en Aksie na vore en word met die konseptuele funksie Oorsaak gekombineer. Onkoste is ’n gebeurtenis en aksie binne die ekonomiese lewe wat plaasvind met bepaalde oorsake, in hierdie geval (dalk tydelike) vermindering of verarming as ’n gevolg. Fillmore se gebruik van “frame semantics” kan op dieselfde manier toegepas word. Volgens Fillmore (Goddard, 1998:69-70) kan ’n woord slegs teen ’n verwysingsraamwerk geïnterpreteer word. Een van die raamwerke wat hy identifiseer is die “kommersiële transaksieraamwerk” wat hy soos volg beskryf:

[i]n which one person acquires control or possession of something from a second person, by agreement, as a result of surrendering to that person a sum of money. The needed background requires an understanding of property ownership, a money economy, implicit contract and a great deal more (Fillmore and Atkins in Goddard, 1998:70)

Die gebruik van die woord “onkoste” pas by bostaande raamwerk in. Die feit dat die gebruiker van die woord oor ’n ruim agtergrondkennis in die ekonomiese lewe (moet) beskik, soos dit ook die geval is in terme van die twee hofsake, versterk die argument dat ’n gewone woordomskrywing nie voldoende sal wees nie, omrede die konteks meer vereis.

Volgens Pinkal (1985:34-35) lewer kwantifisering ook ’n bydrae tot die kontekstualisering van ’n woord. Dus is die verminderings- of verarmingsbeginsel medebepalend tot die konteks van die gebruik van “onkoste”. Die onderskeie howe probeer immers vasstel of ’n vermindering in monetêre bates plaasgevind het of nie. Derhalwe is dit vir die regters belangrik dat die definisie ’n verminderings- of verarmingsbeginsel insluit.

5. Bespreking

Soos dit reeds vroeër in die inleiding gestel is, ontstaan die vraag of die onderskeie howe die woord “onkoste” korrek geïnterpreteer en toegepas het. Op die keper beskou, is die aanvanklike antwoord ja, maar die voorsittende beamptes se hantering van die woord grens aan gevaarlike waters. Soos daar uit die semantiese analise afgelei kan word, is daar wel ’n verminderings- of verarmingsbeginsel teenwoordig. Dit kom voor of die relevante regters hul eie definisies vir hul eie doeleindes opgemaak het en sodoende ’n nuwe semantiese betekenis en status aan die betrokke woord verleen.

In sy hofuitspraak dring regter Goldblatt (Sapire et al, 2009:3) daarop aan dat die woord “onkoste” “must be given its ordinary meaning”. Regter Harms (2011:5) beaam hierdie stelling deur dieselfde in sý hofuitspraak te sê. Daar moet aanvaar word dat die sogenaamde “ordinary meaning” die betekenis van die woord is soos deur ’n woordeboek verskaf is. Maar Goldblatt en Harms se definisies is nie eenvoudige of gewone verklarings van die woord nie. Die voorsittende beamptes impliseer dat ’n verarming plaasgevind het en dat die verarming by die interpretasie van die woord “onkoste” ingesluit is. Soos dit uit die semantiese analise blyk, vermeld die standaardwoordeboeke slegs die letterlike betekenis en nie die implikasie van verarming nie. ’n Verlies, vermindering of ’n verarming kom nie in die definisie voor nie.

’n Nuwe en meer volledige definisie het dus deur middel van die hofuitsprake tot stand gekom. Goddard (1998:27 en verder) argumenteer dat, hoewel definisies nie altyd ewe akkuraat kan wees nie, hulle wel betroubaar behoort te wees deur aan te dui hoe die woord gebruik kan word. Om daarin te slaag, kan ’n definisie nie te breed of te eng wees nie, en dit kan ook nie sirkulêr en onduidelik (obskuur, volgens Goddard) wees nie. Goddard voer aan dat definisies juis onduidelik kan voorkom wanneer woorde oënskynlik gewoon lyk, maar dan op ’n semi-metaforiese wyse of in ’n ongewone konteks toegepas word. Goldblatt en Harms se onderskeie definisies is nie sirkulêr, te

breed of te eng nie, maar eerder obskuur. Hulle gebruik 'n woord kwansuis in sy gewone betekenis, maar pas dit in 'n meer komplekse konteks toe.

Daar is ook 'n ooglopende diskrepansie tussen regter Goldblatt se beslissing en sy eie definisie. Volgens Goldblatt moet die koper (Labat Africa Ltd) weens die aankoop van die handelsnaam aanvanklik finansiëel armer wees, omrede laasgenoemde party van aandele gebruik maak het om die relevante handelsnaam aan te koop en derhalwe geen (finansiële) verlies in die proses gely het nie. Wat opvallend is, is die feit dat geld telkens by die onderskeie definisies en sinonieme betrokke is, en as resultaat andersoortige transaksies uitsluit, veral waar die betaling van die onkoste die vorm van 'n ander bate of diens insluit. Geld is immers nie die enigste eenheid waarmee betaal mag word nie. Die WAT-definisie van *koste* maak inderdaad voorsiening vir andersoortige betaalmiddele: “insluitende middele wat in geldwaarde omgerek [kan] word.” Vergelyk ook in hierdie geval Goldblatt se definisie wat eksplisiet voorsiening maak vir betaling deur middele buiten geld: “die uitgee van geld of *ekwivalent, tyd of arbeid*” (my kursiverings). Die aanwending van aandele (wat 'n monetêre waarde het) om die betrokke handelsnaam te bekom, mag dus volgens Goldblatt se eie definisie en dié van die WAT geskied.

Dit lê dalk vir sommige mense voor die hand dat wanneer daar onkoste aangegaan word, 'n vermindering in bates met monetêre waarde plaasvind. Maar dit is nie noodwendig die geval nie. 'n Party kan ook 'n onkoste aangaan om ryker daar uit te sien, wat beteken dat 'n vermindering of verarming nooit plaasvind nie. Deur die beginsel van vermindering of verarming by 'n standaarddefinisie by te voeg, verander die betekenis van onkoste in sy geheel. In die geval van regters Goldblatt en Harms het hulle hul onderskeie definisies aangepas om die konteks en uiteindelijke regspraak te pas. Op sigself is daar geen probleem daarmee nie, behalwe dat hul definisies nie as “ordinary meaning” kan deurgaang nie. As die regters streng volgens die standaardwoordeboekdefinisie gehandel het, was die regspraak eenvoudig: ja, onkoste is aangegaan, geld is spandeer. Die saak blyk egter aansienlik ingewikkelder as dit.

Wanneer 'n mens na vakwoordeboeke gaan kyk om konteksspesifieke insig te verkry, kom 'n mens nie soveel verder nie. Hier word daar veral na sake-, handelsreg-, ekonomie-, en rekeningkundige woordeboeke verwys. 'n Aantal vakwoordeboeke, soos die *Collins Internet-linked Dictionary of Economics* (2005), Pharos se *Ekonomiese en bedryfswoordeboek* (2004), die *Oxford Dictionary of Economics* (2002), die *Nuwe Sakewoordeboek* (Pharos aanlyn, 2012) en die *Regs- en Handelsterme* (Pharos aanlyn, 2012) bevat die woord en definieer “onkoste” in terme van die sakebedryf, maar steeds binne die sogenaamde “ordinary meaning”. Maar selfs as die regters terminologiewoordeboeke nageslaan het, sou hulle vind dat talle van die woordeboeke die lemma “onkoste” nie bevat nie en dié woordeboeke wat die woord wel lys, geen melding maak van 'n vermindering of 'n verarming nie. In dié woordeboeke sal 'n mens ander lemmas moet bestudeer wat semanties die naaste aan 'n woord soos “onkoste” is, byvoorbeeld “kapitaalonkoste” en “onkostebelasting”. In die geval van die onderskeie regters se uitspraak skiet hierdie woordeboeke te kort. Dit is immers nie vir 'n leksikograaf moontlik om totaal volledig te wees nie. Eksteen (1962:43, 49) deel vroeg reeds dieselfde sentiment, en Jackendoff (1995:133 en verder) dui aan dat die leksikon altyd tot sy eie grense beperk sal wees en nooit al die fasette van taal sal kan opneem nie. Sien ook Odendal (1991:190), wat moeilik erken dat woordeboeke tot 'n mate onvolledig en beperk is. Die beperktheid en onvolledigheid van woordeboeke tas ook die gesag van 'n woordeboek aan. Odendal (1991: 193) verwys daarna dat gebruikers van woordeboeke graag 'n gesaghebbende uitspraak wil hê wanneer hulle 'n woordeboek raadpleeg, en dat dit veral die taalkundige gesag is wat moet uitstaan (Odendal, 1991:185). Maar soos Hulbert (1960:11) dit stel: “The authority of dictionaries is only that of the men who made them”. Hoewel verskeie woordeboeke in verskillende tale reeds oor die jare 'n reputasie van gesag opgebou het, kan 'n mens die gesag uitdaag en bevraagteken.

Shuy se analisemodel is 'n goeie manier om die betekenis van 'n woord te bepaal en om vas te stel watter semantiese verhoudings ter sprake is, soos byvoorbeeld 'n vermindering of 'n verarming. 'n Woordeboek op sigself is ontoereikend.

6. Gevolgtrekking

Daar is myns insiens nie 'n sterk tradisionele werksverhouding tussen linguïste en regspraktisyns in Suid-Afrika nie; veral nie binne die hofsaal nie. Die rede daarvoor kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat regspraktisyns self oor 'n grondige taalkennis en -vermoë (moet) beskik en daarom oënskynlik nie altyd 'n taalkenner se professionele advies benodig nie. Hofsake soos *CSARS v Labat Africa Ltd.* is egter volop en bewys die teendeel. Dit gebeur dikwels dat 'n regsdispuut om 'n taalkwessie sentreer. Vergelyk ook *Gazit Properties (PTY) Ltd. v Botha NO*, waar die frase “in the ordinary course of business” ter sprake is, of *The Board of Health Care Funders v The Council of Medical Schemes*, waar die frase “pay in full” as probleem uitgewys word. Sulke regsdispute dui 'n noodsaaklike leemte aan, naamlik dié van die teenwoordigheid van die linguïst. Dit sou beter wees as 'n taalkundige tydens hofsake of regsdispute omtrent taalaspekte geraadpleeg word om enige taalkwessie te verklaar of op te los, soos dit wel onder meer in die V.S.A. gebeur, (vergeelyk byvoorbeeld Levi (1994) se getuienis in *Doston et al v Duffy et al* waarin sy sintaktiese analises toegepas het, of Shuy (2008) se getuienis in *Peter Koehn v Continental Casualty Company* waarin hy semantiese en diskoersanalitiese bydraes gelewer het). Sowel voorsittende beamptes as regsverteenwoordigers in Suid-Afrika is geneig om eerder hul eie taalkennis te gebruik om die (soms komplekse) taalkopsere aan te pak, terwyl taalwetenskaplike kennis juis aan die orde van die dag moet wees. Nog beter is 'n situasie waar regspraktisyns self die nodige linguïstiese agtergrond het om te kan begryp wat dan wel taalkundig problematies is met 'n bepaalde interpretasie van 'n woord. Maar daarvoor is formele taalopleiding nodig.

Die voorafgaande analise en bespreking bewys sekerlik dat die “ordinary meaning” van die woord “onkoste” nie so “ordinary” is nie en dat 'n hofuitspraak gebaseer op 'n standaardinterpretasie ontoereikend en nie aanvaarbaar kan wees nie. Om 'n woord bloot in 'n woordeboek op te soek (of erger nog, glad nie 'n woordeboek te raadpleeg nie) en nie die woord se semantiese veld of kontekstuele raamwerk in gedagte te hou nie, beteken dat die status en geldigheid van 'n hofuitspraak in twyfel getrek kan word.

Dit is verstaanbaar dat die betrokke voorsittende beamptes 'n behoefte gehad het aan 'n definisie wat vir die konteks geskik is, en uit die voorafgaande analise en bespreking behoort dit ook duidelik te wees dat die nodige definisie nie bestaan nie. Daarom behoort dit toelaatbaar te wees dat die regters die definisie vir konteksdoeleindes kan uitbrei om sodoende meer duidelikheid te kry en in die proses 'n presedent te skep. Die probleem ontstaan egter daardeur dat die regters hul eie toepassing van die woord "onkoste" as gewoon verklaar en sodoende hul eie konteks buite rekening laat, en terselfdertyd die einste woord op 'n ongewone wyse toepas deur juis die letterlike betekenis te vermy en die definisie ter ondersteuning van hul eie standpunt uit te brei.

As alternatief is dit uiters raadsaam dat voorsittende beamptes en regsverteenwoorders aandui welke taalbronne (soos woordeboeke) hulle ter ondersteuning van hul hofuitsprake en vonnisse raadpleeg en/of aanwend. Daar is immers talle gesaghebbende bronne in die regsberoep wat telkens deur voorsittende beamptes aangehaal of verwys word. Op dié manier word ook taalkundige gronde en gesag aan 'n uitspraak verleen.

7. Bronne

Buro van die W.A.T. 2006. *Sinonieme en verwante woorde*. Kaapstad: Pharos.

Buro van die W.A.T. 2011. *Woordeboek van die Afrikaanse taal*. [Aanlyn]. <http://www.woordeboek.co.za> (Soos op 7 Desember 2011).

De Stadler LG. 1989. *Afrikaanse semantiek*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

De Stadler LG. 1994. *Die groot tesourus van Afrikaans*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

Du Pré L en Eksteen L. 1995. *Groot Afrikaanse sinoniemwoordeboek*. Pretoria: JL van Schaik.

Eksteen LC. 1962. *'n Inleidende studie van die metodes van die leksikografie*. M.A.-verhandeling (ongepubliseerd). Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Eksteen L. 1990. *Afrikaanse sinonieme woordeboek met antonieme*. Pretoria: JL van Schaik.

Gibbons JP. 2003. *Forensic Linguistics: An introduction to language in the justice system*. Malden: Blackwell Publishing.

Gnisci A en Pontecorvo C. 2004. The organization of questions and answers in the thematic phases of hostile examination: Turn-by-turn manipulation of meaning. *Journal of Pragmatics*, 36(5):965-995.

Goddard C en Wierzbicka A. 1994. *Semantic and lexical universals: Theory and empirical findings*. Amsterdam: John Benjamins.

Goddard C. 1998. *Semantic analysis: A practical introduction*. New York: Oxford University Press.

Hulbert JR. 1960. *Dictionaries British and American*. London: Andre Deutsch.

Jackendoff R. 1995. The boundaries of the lexicon. In: Everaert M (ed.). *Idioms: Structural and psychological perspectives*. Hillsdale: Lawrence Erlbaum Associates. Pp. 133-165.

Lampe EJ. 1970. *Juristische Semantik: Studien und Texte zur Theorie und Methodologie des Rechts*. Bad Homburg v.d.H.: Verlag Gehlen.

Langford I. 2000. Forensic semantics: The meaning of *murder*, *manslaughter* and *homicide*. *Forensic Linguistics*, 7(1):72-94.

Levi JN. 1994. Language as evidence: the linguist as expert witness in North American courts. *Forensic Linguistics*, 1(1):1-26.

Lombard E en Carney TR. 2011. Die wenslikheid van Afrikaans as vaktaal vir regstudente. *Potchefstroomse Elektroniese Regsjoernaal*, 14(1):163-234.

McMenamin GR. 2002. *Forensic Linguistics: Advances in forensic stylistics*. Boca Raton: CRC Press.

Odendal FF. 1991. Wat maak ons met die skarminkel in die jonkmanskas, of: aspekte van die gesag van die woordeboek. In: Hartevelt P (red). *Lexikos*. Stellenbosch: Buro van die WAT. Pp. 183-196.

Odendal FF en Gouws RH. 2005. *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Kaapstad: Pearson Education.

Pinkal M. 1985. Kontextabhängigkeit, Vagheit, Mehrdeutigkeit. In: Schwarze C und Wunderlich D (Hrsg.). *Handbuch der Lexikologie*. Königstein: Athenäum Verlag GmbH.

Shuy RW. 1986. Context as the highest standard of semantics: A lawsuit involving the meaning of "accuracy" in accounting. *Journal of English Linguistics*, 19(2):295-303.

Shuy RW. 2008. *Fighting over words. Language and civil law cases*. New York: Oxford University Press.

Hofsake

Majiedt SA. Gazit Properties v Botha N.O. (873/10) [2011] ZASCA 199 (23 November 2011).

Harms AP. Commissioner for the South African Revenue Service v Labat Africa Limited (669/10) [2011] ZASCA 157 (28 September 2011).

Pretorius J. The Board of Care Funders et al v The Council for Medical Schemes et al (70018/10) [2011] SA NG (7 November 2011).

Sapire AJ. Commissioner for the South African Revenue Service v Labat Africa Limited (A206/06) [2009] SA NG (8 December 2009).

Wetgewing

Wet op Inkomstebelasting 58 van 1962.